SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 01 SEPTEMBER 2002

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar.

In die nuus vandag:

UITSLAE VAN DIE SARL HF FOONWEDSTRYD WORD VERTRAAG

SPERDATUM VIR DXCC-AANSOEKE AANGEKONDIG

REGISTRASIE VAN RAE SENTRUMS

SPESIALE AANBIEDINGS VAN BOEKWINKEL

PLEK VIR VOLGENDE SARL AJV AANGEKONDIG

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems.

Besoek ook die SARL-webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio aan sarlnews@hotmail.com nie later as die Donderdag wat die bulletin vooraf gaan, in te stuur. Indien moontlik stuur dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL.

SARL HF GG KOMPETISIE

Deelnemers aan die SARL HF Gelykgolf kompetisie wat op Sondag 25 August gehou was word herinner dat die enigste adres wat gebruik moet word vir die indiening van die logstate en opsommings is Die Kompetisiekomitee, Posbus 12104, Brandhof, 9324 of per e-pos aan hfcontest@netactive.co.za.

UITSLAE VAN DIE SARL HF FOONKOMPETISIE

Die uitslae van die HF Foonkompetisie wat op 04 Augustus 2002 gehou is, is vertraag. Nadat die voorlopige uitslae bekend gestel is, is gevind dat weens die skielike verandering in die adres van die kompetisiekomitee, alle logs nog nie in die besit van die komitee is nie. Die komitee sal opvolgwerk doen en hoop om in die week die uitslae bekend te maak.

DXCC - 31 SEPTEMBER SPERDATUM

Die ARRL se DX Century Club-program is die afgelope 50 jaar die beste toekenningsprogram vir Dxers. DXCC is 'n maatstaf waaraan DX-prestasies gemeet

kan word. Daar is verskeie endossemente en aparte toekennings om prestasies op spesifieke modusse en bande te erken. Dit is bo en behalwe die basiese toekenning.

Met die DXCC reëlverandering wat in 2000 in werking gestel is, is voorsiening gemaak vir die nagaan van aansoeke buite die VSA. Suid-Afrika het een van die eerste lande geword om 'n 'field checker' te hê met die aanstelling deur die ARRL van Tjerk Lammers ZS6P, die SARL se Toekenningsbestuurder.

Tjerk kan nou alle QSL-kaarte vir DXCC nagaan, behalwe vir 160 m kontakte, kontakte met lande wat van die DXCC-lys verwyder is en kontakte ouer as 10 jaar. Tjerk sal QSL-kaarte per pos aanvaar, of by voorafbespreeking sal hy dit persoonlik ontvang. Onthou om genoegsame posgeld saam te stuur vir die pos van die aansoek na die VSA en die terugstuur van u QSL-kaarte.

Met die jaarlikse sperdatum vir aansoeke wat in September is, behoort daar 'n klomp aansoeke te wees. Omdat Tjerk elke QSL-kaart noukeuring moet nagaan kan hy moontlik toegegooi word met aansoeke en QSL-kaarte. Dus maak dit sin om u aansoek so spoedig moontlik by Tjerk te kry. Kontak Tjerk asseblief direk by tjerk@iafrica.com of per telefoon by 012 809-0006 (H).

REGISTRASIE VAN RAE SENTRUMS

Net 'n herinnering dat klubs nou moet registreer om tydens die Oktober RAE as eksamensentrums op te tree. Die registrasie kan slegs gedoen word op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za. Die nodige eksamensentruminligting moet die eksaminator bereik voor 10 September. Na 10 September word eksamensentrums aan kandidate toegewys.

Tot op datum het Pretoria, Kaapstad, Oos Londen en Mosselbaai reeds geregistreer.

VOLGENDE RAE

Die volgende RAE vindplaas op 17 Oktober 2002. Sluitingsdatum vir inskrywings is 10 September. Inskrywingsvorms is op die webwerf van die SARL beskikbaar. Geen laat inskrywings sal aanvaar word nie. Inskrywings wat na 10 September ontvang word sal outomaties oorstaan tot die volgende RAE in 2003.

SARL BHF/UHF-KOMPETISIE

Die tweede been van die SARL BHF/UHF-kompetisie word oor die naweek van 21 en 22 September 2002 gehou. Die kompetisie begin om 12:00 SAT op die Saterdag en eindig 24 uur later om 12:00 SAT op die Sondag. Aktiwiteit geskied op die 6 meter, 2 meter, 70 cm en 23 cm amateurbande. Die reëls vir hierdie kompetisie sowel as die algemene reëls vir SARL-kompetisies is beskikbaar op die SARL webwerf by www.sarl.org.za. Nico ZS4NS het 'n Windows program geskryf wat jou sal help met die log en puntetelling vir die kompetisie. SARLVU kan afgelaai word van die SARL webwerf.

BOEKWINKEL SPESIALE AANBOD

Die boekwinkel van die SARL het 'n spesiale aanbod op drie boeke. Die boeke word onder kosprys aan lede aangebied en is geldig tot die voorraad uitverkoop is. As gevolg van veranderinge in die aard van die mark vir boeke, gaan die boekwinkel nie meer hierdie boeke in voorraad hou nie.

Die eerste boek is 'Understanding Basic Electronis'. Soos die naam aandui, is dit 'n kursus in basiese elektronika en dus van toepassing op amateurradio. Dit het omtrent 400 bladsye, is goed geïllustreer en sal handig te pas kom in enige hok.

Die tweede aanbod is vir "W1FB's Design Notebook". Dit is deur Doug De Maw en is noodsaaklik vir amateurs wat met elektronika eksperimenteer.

Die laaste boek is deur dieselfde skrywer. Dit is "W1FB's QRP Notebook". Hierdie boek bevat heelwat inligting oor maklik-om-te-bou QRP-bane.

Elkeen van hierdie boeke word aangebied vir vyftig rand. Deesdae kos selfs 'n klein sagteband boekie meer as honderd rand en hierdie is uitstekende waarde vir geld.

Skakel Debbie by 011 675 2393 om die voorraadposisie te kontroleer. Amateurs wat nie die NARS kan besoek om die boeke te koop nie, moet asb posgeld byvoeg.

VOLGENDE BANDBEPLANNINGSKOMITEEVERGADERING

Die volgende bandbeplannersvergadering sal in die NARS op Saterdag 7 September gehou word en sal om 09:00 begin. Hierdie vergadering is vir amateurs in die afdeling 6 gebied. Sien julle daar.

SARL AJV

Tydens die vergadering van die SARL se uitvoerende komitee, gehou op Saterdag 24 Augustus 2002 in Bloemfontein, is daar besluit dat die Bloemfontein Radioamateurklub die gasheer sal wees vir die 2003 SARL AJV en dat dit in Bloemfontein gehou sal word.

REGISTRASIE VAN OPVOEDKUNDIGE STASIES

Die registrasie van stasies as opvoedkundige stasie moet jaarliks hernu word en hou dan tot die end van die volgende Junie. En daar moet 7 dae vooraf kennis gegee word van enige spesiale geleentheid waar nie-amateurs die stasie gaan bedien. Spesiale reëlings vir JOTA en CQ Hou Koers by Dave Gemmell en Louis Kruger respektiewelik. Dave se kontakbesonderhede verskyn in Radio ZS onder 'Radio Scouting' en die van Louis onder 'Die Voortrekkers'.

KLUBNUUS

ZULULAND AMATEUR RADIOKLUB

Die Zululand Amateurradioklub het hulle Algemene Jaarvergadering op 17 Augustus in Richardsbaai gehou. Die volgende lede is tot die bestuur verkies:

Voorsitter Ty Ferguson ZS5TT; Onder-voorsitter Jan Erasmus ZS5G; Sekretaris en Tesourier Willie Axford ZS5WI Nussbrief Redakteur Jo Snyders ZR5PO; Komiteelid Warren Snyders ZR5WO.

Die voorsitter het die uittredende komitee en lede bedank vir hulle harde werk die afgelope 12-maande en die nuwe komitee verwelkom. Die Zululand AmateurRadioklub kondig met trots aan dat die besluit om by die SARL te afilieer vir 'n verdere twaalf maande eenparig aanvaar is.

SANDTON AMATEURRADIOKLUB

Die Sandton Amateurradioklub het op 3 Augustus hul AJV gehou en dit is met genoë dat hulle die volgende bestuur aankondig:

Voorsitter: Peter Hers ZS6PHD Ondervoorsitter: Graham Hartlett ZR6GJH Sekretaris/Tesourier: Colin de Villiers ZS6COL Komiteelede: Jan Schubart ZS6ARV, Stretch Walters ZR6PTT, Robbie Parkinson ZS6RAP, Steve Baynes ZS6XU, Chris Ussher ZS6UC, Scamp Porter ZS6SMP, Peter Hoyle ZR6KZ, Ray Vincent-Lambert ZS6RAE, Paul Vermaak ZR6POL.

Die Raad van die SARL bedank die uittredende komitees vir hulle lojalitiet en pligsgetrouheid en verwelkom die nuwe komitees. Mag julle 'n voorspoedige jaar hê.

Hierdie bulletin is saamgestel deur Dennis ZS4BS en gelees deur …… vanuit …… as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

Die SARL nooi u ook om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 21560, 9750 en 7082 kHz en 145,625 MHz in die Ooslonden-, 145,650 in die Durban- en 145,750 MHz in die Pretoriagebied te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 20:00 SAT op 3215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

Kom neem ook deel aan die net van die President van die SARL wat Sondae om 12:00 op 7082 kHz op die lug is.

U het geluister na ZS6SRL, dankie dat u by ons aangesluit het. 'n Groot woord van dank aan diegene wat wat items vir hierdie bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereëld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX